Vaalpark Gemeente
Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 01 van 2020

05 Januarie 2020

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Klim hierdie jaar uit jou gemaksone uit

Twee van ons grootste vrese is mislukking en kritiek. Hierdie vrese verdwyn nooit heeltmal nie. Jy kan hulle oorkom, maar hulle sal weer hul verskyning maak sodra jy voor jou volgende uitdaging te staan kom. Dis eers wanneer jy vrees as deel van die lewensreis aanvaar dat jy leer om dit te oorkom. As jy terugkyk na wat jy reeds oorkom het, sal jy besef dat mislukking die meeste van die tyd nie permanente skade doen nie – jy word inderwaarheid sterker. As jy dus vandag angstig is, sê GOD vir jou, "moenie bang wees nie, want EK is by jou..." vertrou dus op HOM! 'n Onbekende digter het geskryf: "ek het 'n gemaksone gehad waar ek geweet het dat ek nie kan misluk nie; dieselfde vier mure was meer soos 'n tronk. Ek wou so graag die dinge doen wat ek nooit vantevore gedoen het nie, maar het eerder in my gemaksone gebly. Ek het vir myself gesê dat dit nie saakmaak dat ek nie veel doen nie; ek het gesê dat ek nie oor dinge soos drome en doelwitte omgee nie. Ek het vir myself gesê dat ek vreeslik besig is met dinge in my sone, maar diep binne in my het ek na iets spesiaals van my eie verlang. Ek kon nie my lewe laat verbygaan deur net toe te kyk hoe ander mense wen nie; ek het my asem ogehou, uit my sone getree en die verandering laat begin. Ek het 'n tree geneem en met nuwe krag en moed, wat ek nog nooit gevoel het nie, my gemaksone totsiens gesê en toe die deur agter my toegemaak en toegesluit". As jy in 'n gemaksone is, bang is om daaruit te klim, onthou dat alle wenners eens op 'n tyd met twyfel gevul was.

deur Bob & Debby Gass

2020 het nie enige waarborge nie – maar met GOD is ons tot ALLES in staat – wonderlike 2020 vir jou!

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid asb vir Janine Vorster–vir deurbraak in haar gesondheid
*Bid asb vir Lottie Conradie–kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
*Bid asb vir Maria Steyn–vir volkome genesing
*Bid asb vir Oom Sampie Swart -vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy–vir volkome genesing. Albei ernstig siek
*Bid asb vir Ria Putter–vir volkome genesing
*Bid asb vir JP vd Walt–het longvlies-kanker. Vir volkome genesing
*Bid asb vir Hennie v Aswegen–vir spoedige herstel
*Bid asb vir John Stapleton–vir beterskap en volle genesing Het brein operasie gehad
*Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
*Bid asb vir Basie Roux vir volle genesing–hy het prostaatkanker
*Bid asb vir Evie Benson vir volle genesing
* Bid asb vir Suzette Fourie vir volle genesing.



Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
19 Jan 2020	*Oom Karoolus & Lente*	*NG Kerk*
17 Mei 2020	*Paassangdiens – Rudi Muller @ 08:30*	

(hierdie geleentheid mag jy nie misloop nie)

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

GESEëNDE en VOORSPOEDIGE 2020!

Ons drie leraars en gesinne wil net aan elke lidmaat en die se huisgesinne 'n *geseënde* en *voorspoedige 2020* toewens ...

Vat die HERE orals saam met jou in 2020en los HOM nooit agter!

2020 Wense

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.